

## Etienne van Heerden



Foto: NB-Uitgewers

MAGDEL ZONDAGH

### Uniondale Leeskring

**E**tienne van Heerden - Karooskind, eertydse regsman, later gladde reklameman, rubrieksrywer, ensovoorts. Hy het al vele pryse ingepalm en tog sê hy: 'Pryse is wonderlik, maar dis nie waarom ek skryf nie.' Hy het waardering vir die Franse manier van pryse uitdeel, waar die derde prys 'n silwer roos en die tweede prys 'n goue roos is. Die wenner kry 'n regte roos. 'As ons maar net daar kan uitkom.'

Etienne van Heerden is in 1954 op die familieplaas, Doornbosch (Graaff-Reinet), gebore, waar sy pa met merinoskape geboer het. Doornbosch en die plaas Gerriehoek-Beulah, naby Cradock het onderskeidelik die agtergrond vir die boeke **Toorberg** en **Kikoejoe**, gevorm. Hy sou 'n twaalfde-geslag boer op die familieplaas gewees het, maar sy pa is oorlede toe hy 14 jaar oud was en kort daarna het hulle die plaas verloor.

Hy sê dis genadiglik dat hy as plaasseun in die Karoo grootgeword het, want vir 'n skrywer is sy kinderjare soos 'n bankbalans. Dis 'n plek waaruit hy idees put.

Volgens Van Heerden het die bruin mens op die plaas stories in hom wakker gemaak. Elke aand is Jakkals en Wolf stories in die kombuis vertel. Die Karoo is 'n mitologiese landskap vir 'n kind. Elke hek en elke draai het 'n storie.

Hy sê ook dat die gestrooptheid en die oënskynlike leegheid van die Karoo amper stories aan 'n mens opdwing. Asof jy op die stiltes moet reageer. Sy pa het vir die klein Etienne 'n storie oor 'n seuntjie wat in 'n put geval het, vertel en dat sy pa hom uit genade moes skiet. Eintlik wou sy pa net nie hê hy moet naby die droë boorgate speel nie, maar so het die idee rondom **Toorberg** se storie ontstaan.



Hy wou om verskeie redes nooit teruggaan Karoo toe nie, maar doen dit graag in sy boeke.

Na matriek aan Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch, is Van Heerden vloot toe. As gevolg van blindheid in die een oog kon hy nie as matroos opgelei word nie en kwalifiseer daarom as hondemeester.

Verskeie akademiese kwalifikasies het gevolg. Eerstens, 'n honneursgraad in Afrikaans-Nederlands (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy word hoofredakteur van **Die Matie**, voordat hy na Rhodes Universiteit verskuif vir 'n meestersgraad, wat hy ook met lof slaag. 'n Regsgraad aan die Universiteit van Stellenbosch volg, waarna hy as prokureur tot die balie toegelaat word.

Hy doseer tydens sy jare by 'n regsfirma die vak, Regspraktyk, aan Skiereiland Technikon en dan volg twee jaar as assistentadjunk-balju in Ravensmead, Elsiesrivier en Belhar.

Van Heerden laat die regsberoep agter om 'n paar jaar in die reklamebedryf te werk. Dit verskaf die inspirasie vir sy volgende boek, **Casspirs en Campari's**.

In 1985 wend hy hom tot die akademie. Hy doseer eers aan die Universiteit van Zoeloeland en later Rhodes Universiteit (wêreld van **Stoetmeester**). Tans doseer hy die vakke, Literêre Teorie, Mediastudies en Suid-Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde aan die Universiteit van Kaapstad.

Wanneer hy nie met bogenoemde besig is nie, is hy ook redakteur van **LitNet**. En dan is daar die talle jong skrywers vir wie hy gulhartig as mentor optree, hoewel hy kla dat hy studente soms bietjie moet leer aangaande goeie besoektye.

Hy is al met verskeie literêre pryse bekroon, waaronder, die Herzog Prys, CNA Prys (twee keer), **Rapport** Prys vir Prosa, ATKV Prys (vier keer), die Perskor Prys vir Jeugliteratuur, die WA Hofmeyer Prys, die Eugene Marais Prys en die J&B Young Achievers Award, asook **Insig** se Afrikaans-Onbeperk Toekenning 2000 op die Klein Karoo Kunstefees vir uitnemende bydrae tot Afrikaans.

Die boeke, **Toorberg**, **Casspirs en Camparis**, **Stoetmeester**, **Kikoejoe** en **Die swye van Mario Salviati** is in nege tale vertaal.

Hy is erelid van die Universiteit van Iowa in die Verenigde State en was gasskrywer aan die Universiteite van Antwerpen en Leiden. Hy was ook redakteur van die interaktiewe Internetroman - **Die rooi roman**.

Etienne se pa was Afrikaans- en sy ma Engelssprekend. Dis ironies dat hy op die plaas grootgeword het reg onder die berg waar Olive Schreiner se graf is. Van kleins af was hy gefassineer deur die vrou wat boeke geskryf het en het ure lank in die dorpsbiblioteek in die Olive Schreinerkamer deurbring.

Toe die gesin na sy pa se dood na Stellenbosch verhuis, het hy begin skryf. 'As 'n soort verwerking van die verlies,' sê Van Heerden. In Stellenbosch het hy vir die eerste keer teater toe gegaan. Dis ook hier waar hy sy groot vriend, Koos Kombuis, ontmoet.

Hy was 15 jaar oud toe hy sy vrou, Kaia, ontmoet het - in die einste Victoriaanse huis waar hulle vandag woon. Kaia is 'n mediese dokter en hulle het twee kinders. Volgens Etienne behoort naweke aan sy gesin. Sy studeerkamer is reg in die middel van die huis. 'Hulle weet waar om my te kry as hulle my nodig het.' Hy noem Kaia die mees emosioneel-intelligente mens wat hy ken. Sy twee dogters noem hy sy angstige besit.

Etienne het ook 'n liefde vir die modewêreld. As hy oor kon kies, sou hy graag 'n argitek of mode-ontwerper wou wees. Sy gunsteling televisie-kanaal is die modekanaal. Hy moes veral baie navorsing doen oor die modes van die tydperk waarin sy boek, **Die swye van Mario Salviati**, afspeel.

'Ek moet die deksel op die pot hou, hoe stywer, hoe beter, want dan kook hy, tot die deksel begin bewe - en dan moet ek tyd vat vir skryf. Dis hoe ek werk, dis nie advies wat ek vir almal sal gee nie, maar dis hoe ek werk,' sê Van Heerden.

'n Hartomleidingsoperasie het hom egter laat beseft dat 'n mens ook na jou liggaam behoort te luister.